## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Adam Classen, Gideon le Grange, Wynand Neethling, Danie Schoeman, Lorinda van Tonder, Sarah Walton. |
| **Maandag**: | Driaan de la Guerre, Johan Marais, Piet Uys, Rina van der Merwe, Lukas van Graan. |
| **Dinsdag:** | Corlia Erasmus, Ina Goosen, Kayla Jurgens, Esdré Keller, Hanna Kruger, Paul Roux, Eljo Smit, Izac Vos. |
| **Woensdag:** | MC Barnard, Mia Boonzaaier. |
| **Donderdag:** | Leah Coetzee. |
| **Vrydag:** | Mila Krige. |
| **Saterdag:** | Linnaea Burger, Dan de Villiers, Elbé Hofmeyr, Michaela Holz, Stefan Kűhn, Andre van Blommestein. |

**Die BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS**
kom op Donderdag, 1 Augustus 2024, om 9:50 by die NG Moederkerk Somerset Wes (Andries Pretoriusstraat) byeen. Ons vier tradisioneel Taalmaand gedurende Augustus en ons gasspreekster, Alet Cloete van WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) spreek dan ook 'n gepaste onderwerp aan: **Vanwaar Gehasi ?** 'n Allegaartjie van die herkoms van enkele Afrikaanse woorde. Ons is ook bevoorreg om Yolanda Botha as gaskustenaar te verwelkom. Verversings word bedien vanaf 9:25. Lede: R10/Besoekers: R20
Almal welkom!



LIAS wil graag vir 200 dames in Sir Lowry's Pass, wat nie 'n handsak het nie, elkeen 'n handsak met 'n paar bruikbare items op Vrouedag, (9 Augustus) gee.
Bring asb. 'n ou, **bruikbare handsak** na die kerk-kantoor . Items om in die handsak te plaas: tandeborsel, handeroom, spieëltjie, lipice, sanitêre doekie en 'n eetbare bederfie.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

SONDAG 28 JULIE 2024

## WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | 2 SAMUEL 9 |
| TEMA: | HOE VER STREK MY VERANTWOORDELIKHEID OM LIEFDE TE GEE? |

Kom drink gerus tee na die diens en kuier met mekaar.

**Vandag se deuroffer: Disakloof Jeugkampterrein**

**Disakloof** is 'n nie-nie-winsgewende organisasie wat hulle ten doel stel om die jeug te begelei tot waardige burgers van die Koninkryk, asook voorbeeldige en verantwoordelike burgers van die land. *Disakloof* beskik oor 'n kampterrein by Bettiesbaai, waarvan kerke en skole gebruik maak vir hulle eie kampe. *Disakloof* subsidieer ook kampe van groepe wat dieselfde doel het. *Disakloof* bied ook nou leierskap-kampe aan vir kinders wat andersins nie hierdie geleentheid sou kry nie en dit nie kan bekostig nie. Hierdie week se spesiale deuroffer word aan Disakloof gegee met die doel om hierdie inisiatief (leierskap-kampe en subsidiëring) te ondersteun.

Disakloof hou hulle jaarvergadering op Maandag 19 Augustus 2024, om 10:30, in die Familiekamer. Enigiemand is welkom om dit by te woon. Kontak gerus die kerkkantoor vir enige navrae daaroor.

**Volgende week se deuroffer: Teologiese Kweekskool**

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

**Jou hulp om die uitsendings van ons Eredienste op Sondagoggende by die Aftree-oorde te hanteer** sal so baie waardeer word.

Ons eredienste word na drie aftree-oorde uitgesaai. Na elkeen van die oorde moet iemand gaan (dus drie mense elke Sondag) om die uitsending aan te skakel. Dit is nie veel anders as om die diens by jou huis op die TV of rekenaar te kyk nie. Jy sal ook die eerste paar keer saam met iemand kan gaan, wat jou dan vertroud sal maak met die verskillende oorde en die manier van doen op elke plek. Ons sal graag meer mense wil hê wat met hierdie taak help, sodat elkeen nie so gereeld hoef te gaan nie.
Kontak asseblief die kerkkantoor as jy kans sien om te help, of as jy net meer wil uitvind, of dalk net eers wil gaan kyk hoe dit werk.

## Bybelstudie op Woensdagoggende

Ons vergader op **Woensdae, 08:45 - 09:45 in die familiekamer**
en is tans besig met die Jakobus-brief.

Hierdie is 'n geleentheid om mense te ontmoet, en ook om mekaar te help om die Bybel deur mekaar se oë te lees - én uit te leef. Daar is **altyd 'n leë stoel** vir iemand wat nog nie vantevore daar was nie. Kom raak gerus deel van hierdie groep.

## Bybelstudie en Saam-kuier op Weeksaande

Die behoefte is uitgespreek dat daar ook 'n aand-Bybelstudiegroep - soortgelyk aan dié wat op Woensdagoggende plaasvind - gevestig moet word. Die gedagte is om saam Bybelstudie te doen, en om ook ander lidmate te leer ken. Laat weet gerus die kerkkantoor as jy hierin sou belangstel, of kom gesels saam daaroor op **Dinsdag 30 Julie, 18:30** in die familiekamer.

## Crossroads Prison Ministries Mentoropleiding

Hierdie bediening stel jou in staat om by jou eie huis een of meer gevangenes te help op die Bybel - en die Here - te leer ken. Jy ontvang die werkstukke van studente en moet dit nagaan, en kommentaar daarop lewer.
Om meer te wete te kom hieroor, is jy welkom om die opleidings-geleentheid by te woon op Saterdag 3 Augustus 2024 - te Gereformeerde Kerk, Bellville. Kontak gerus vir Margo Nijeboer vir meer inligting - 083 263 4523




**<u>Bestanddele nodig asb:</u>**
**Koekmeel, sonneblomolie, suiker, bakpoeier, wit asyn, maalvleis, botter, kaas, spek, uie. (Eiers & botter later).**
**<u>Produkte nodig:</u>**
**Beskuit, koekies, terte, koeke, spensgoed, handgemaak-te produkte, WIT OLIFANTE ens.**
**Finansiële bydraes welkom!**